KONSTITUSIE

PRETORIA CHRISTEN GEMEENTE

1. NAAM

Die naam van die gemeente is Pretoria Christen Gemeente; waarna in hierdie dokument verwys sal word deur die naam, of "die gemeente".

Pretoria Christen Gemeente is 'n Bybels-gefundeerde, Evangelies-gerigte, Onafhanklike ("non-denominational") gemeente.

Pretoria Christen Gemeente NPC is 'n maatskappy geregistreer op 1 Maart 2019 in terme van die Maatskappy Wet nommer 71 van 2008. Die registrasienommer van die maatskappy is 2019/109503/08.

2. ROEPING (algemeen)

Die vraag mag met reg gevra word oor **wat** 'n konstitusie is en **hoekom** 'n konstitusie nodig is.
Maar selfs nog voor hierdie vraag beantwoord kan woord is dit van belang om eers te vra wat 'n **gemeente** is en hoekom hoegenaamd 'n gemeente?

Die woord gemeente (*ekklesia*) is afgelei vanuit die werkwoord *kaleó* wat beteken "*om te roep".* 'n Goeie definisie vir '*gemeente'* sal dus wees: *"ons is die geroepenes"*. **Rom 8:28, 30** beskryf die samekoms van gelowiges as *"hulle wat na sy voorneme geroep is."* Gelowiges is 'n groep mense wat God byeen **geroep** het vir Sy soewereine plan.

God het die **hele** gemeente tot stand geroep. God het **gekies** om Sy koninkryk te bou deur die gemeente tot die mate wat die gemeente homself in gehoorsaamheid ondergeskik stel aan Sy Woord en Gees.

Efesiërs 1 help ons om die omvang van hierdie **roeping** te verstaan.

- *Verkies (**v.4-5,11**)*. Die gemeente is nie 'n toevalligheid nie.Dit is die resultaat van God se keuse, sy plan, nog "*voor die grondlegging van die wêreld*" is dit deur sy soewereine wil bepaal.
- *Verlos (**v.7,13**)*. Die gemeente word geidentifiseer as 'n samestelling van diegene wat genadiglik deur God verlos en vergewe is. God roep sy kinders uit sonde, uit die dood, uit die sisteme van die wêreld, en bring ons oor na lewe (**Kol.1:13**, **Rom. 6:8-11**). Die gemeente is 'n verloste gemeenskap, wedergebore deur die Heilige Gees. (Mense wat nie wedergebore is nie wat onder die godsdiens-banier, met die titel "gemeente" vergader, is nie deel van die ware gemeente wat Christus bou nie.)
- *Heiligheid (**v.** **4**)*. Christene (die gemeente) word geroep om anders as die sondige wêreld te leef en om heiligheid na te strewe soos deur God vereis. (**1Pet 1:16**)
- *Identifiseer (**v.** **4-6**)*. Die voorsetselstukke, "in Hom", "voor Hom", "vir Homself" en "in die Geliefde" dui op gelowiges se intieme identifisering met God en Christus. Die gemeente is enig in sy soort. Dit is nie 'n godsdienstige organisasie met 'n groep mense wat toegewyding beloof aan 'n stel reëls nie. Die Bybel sê die gemeente (gelowiges) is **in** Christus en **in** God – in 'n intieme verhouding met Hom.
- *Openbaring (**v.7-9**)*. Die gemeente bepaal nie sy eie pad nie. God maak dit aan ons bekend deur sy Woord. Wanneer ons bymekaar kom om te beplan, te bid, en te dien, is die eerste vraag, "Wat sê die Woord van God oor hierdie saak?" God het ons al die nodige wysheid en insig in sy Skrif gegee.
- *Eenwording (**v.10**)*. Die gemeente is die simbool van "*vereniging van alle dinge onder een hoof in Christus*". Ons word geroep om een te wees in God se familie –

"eensgesind", "een in liefde", "een in hart", "een in strewe", waar "*die een die ander hoër ag as homself*" en elkeen die gestalte van 'n slaaf aanneem (**Fil. 2:2-8**)

- *Verheerliking (v*.11). Die gemeente se "erfdeel" word in 1 Pet 1:4 beskryf as "onverganklik", "onbesmet", "onverwelklik" en "*wat in die hemele bewaar word vir ons.*" Die gemeente kan nie anders as om God hiervoor te verheerlik nie. Die gemeente(gelowiges) se fokus is toekomsgerig en ewigheidsgerig want die gemeente het nie burgerskap in hierdie wêreld nie (Phil 3:20).
- ****Verkondiging (v.* 12,14**). "Tot **lof** van sy heerlikheid". Die gemeente moet die glorie van God se genade verklaar, proklameer, in die wyse waarop (ons) lewe en wat (ons) sê.
  a. Ons opdrag is die volgende –
     i. Volgens die sendings-opdrag van Matt 28:18-20
     ii. Ons doel is om 'n onafhanklike gemeente te vestig en te onderhou waar aanbidding plaasvind en die Evangelie verkondig word.
     iii. Ons bestaan om die Evangelie te verkondig volgens die Bybel as 'n foutlose, Soewereine, en bron van absolute outoriteit.
     iv. Jesus sê in **Matt. 5:16** "*Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik*."

Die gemeente, wat met geen ander instansie in die wêreld vergelyk kan word nie, is deur God **geroep**, is Christus se **bruid** en is met sy eie bloed **gekoop** (**Efes 5:25; 1 Kor 6:20**).

3. FOKUS

God het die gemeente tot lewe geroep (bestaansreg gegee) met die basiese bybelse oogmerk om:

- Mense te wen vir Christus en om hulle te help om volwasse in Christus te word. ***(*Matt.28:19*)***

4. KENMERKE

Om effektief hierdie bestaansredes uit te oefen is die volgende kenmerke van kardinale belang:

- *Goddelike leierskap*. Christus is die **Hoof** van die gemeente (**1 Kor.11:3**, **Efes. 1:22**, **4:15**, **5:23**; **Kol. 1:18**), en Hy regeer deur die gemeente. Die gemeente se leiers verteenwoordig Jesus Christus in hierdie wêreld deur as onder-herders te funksioneer onder die hoof-Herder. Die primêre bestanddeel in gemeentelike leierskap is **heiligheid** na die voorbeeld van Christus **(1 Tim 3:1-7; Tit 1:6-9)**.
- *Dissipelskap*. Dit behels die **leer** van bybelse waarhede en die **toepassing** daarvan in alledaagse lewe – om iemand dus bybelse **oplossings**/antwoorde vir enige van hulle probleme/krisisse te kan gee. (Leer / Pas toe / Los op)
- *Evangelisasie*. 'n Gehoorsame gemeente lê klem daarop om 'n verskil in die gemeenskap te maak. Effektiewe evangelisasie word deur elke Christen gedoen in die area waar hy woon, werk, of ookal beweeg.
- *Aktiewe Lidmate*. Die bediening van die gemeente word vereis van elke gelowige. Elkeen moet die gawes, soos van God se Gees gegee, gebruik om die liggaam van Christus op te bou (**Rom. 12:6-8**)
- *Gemeente betrokkenheid*. Om besorgd te wees en om inspraak in mekaar se lewens te hê behoort eie aan gelowiges in die gemeente te wees. (**Heb. 10:24-25**)
- *Familie toewyding*. God gee duidelike rigting oor hoe 'n sterk Christen familie moet lyk en optree. Gelowiges moet strewe na die ontwikkeling van God-verheerlikende huwelike en gesinstrukture gebasseer op die opdragte van **Efes. 5:22,25**; **Efes 6:1,4**.
- *Bybelse lering.* Proklamering van Bybelse waarhede deur prediking en lering sodat mense se lewens verander kan word om meer gelykvormig aan Christus te word. (**2 Tim 3:16-17**)

- *Gewillig om te verander.* Ons moet buigsaam wees sodat ons gewoontes en optredes voortdurend kan verander in ooreenstemming met Christus se begeerte.
- *Geloof.* Bereid om stappe in geloof te neem met 'n vaste oortuiging dat as ons volkome op die Here vertrou en Hom in alles ken, Hy ons die regte pad sal laat loop (**Prov 3:5-6**).
- *Opoffering.* Lede van 'n effektiewe en gehoorsame gemeente is blymoedig/gewillig om bo hulle vermoëns te gee soos die Masedoniërs in **2 Kor.8:3**.
- *Verheerliking.* Die primere rede vir Sondag erediens is om God te verheerlik in gebed, sang, lering, en interaksie. Hierdie optrede moet oorspoel in 'n daaglikse Christenlewe van verheerliking.

5. KONSTITUSIE

Die gemeente is dus *geroep deur God*. Met hierdie agtergrond oor wat 'n gemeente is en doen, kyk ons nou na die samestelling en werkswyse (regering) van 'n gemeente en meer spesifiek Pretoria Christen Gemeente.

Eenvoudig gestel bestaan ons gemeente uit individue (**lede)** geroep deur Christus, onder die bestuur en toesig van die onderherders (ouderlinge bygestaan deur diakens).

5.1 Lidmaatskap

'n Gemeente bestaan uit lede wat saam 'n liggaam vorm.

5.1.1 Liggaam

Ons bely dat die lidmaat as enkeling *"die tempel van God is en dat die Gees van God"* in so 'n persoon woon *(**1 Kor 3:16***)

• Verder het ons *"baie lede in een liggaam* (die gemeente) *en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar."* (***Rom 12:4 – 8***)

• *"Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het."* (***Rom 12:6a***; ***1 Kor 12:12 – 30***)

5.1.2 Kwalifikasie en vereistes vir lidmaatskap

- Belydenis van bekering tot God en geloof in die Here Jesus as enigste Redder en Saligmaker (Kurios = Meester);
- Doop. (Indien 'n persoon 'n lidmaat wil word en nie gedoop is na bekering tot geloof in Christus nie, moet 'n doopklas bygewoon word waar 'n studie oor doop in die Bybel gedoen sal word). Hierna sal een van die ouderlinge 'n gesprek met die persoon oor sy kennis en begrip van die doop hê. Die finale besluit of 'n persoon in die gemeente gedoop sal word berus by die ouderlinge, gebaseer op hulle evaluering van die persoon se lewe en interaksie binne die gemeente.
- 'n Onderwerping aan die lering en leiding van die gemeente soos uiteengesit in die konstitusie en geloofsbelydenis van die gemeente.
- 'n Konsekwente Christelike lewe.
- Die finale besluit oor toelating tot lidmaatskap berus by die ouderlinge.

5.1.3 Prosedure

Proses vir Aansoek om Lidmaatskap van die Gemeente:

• Vir aansoek om lidmaatskap geld die volgende stappe:

- 'n Nie-amptelike wagtydperk van ongeveer 6 maande word voorgestel ten einde beide die potensiële lidmaat sowel as die gemeente die geleentheid te gee om mekaar beter te leer ken. Hierdie tydperk sal ook aan die gemeente die geleentheid bied om die persoon se leer en lewe te ondersoek.

- Hierna dui die kandidaat sy/haar begeerte aan om lidmaat te word deur dit met een van die ouderlinge te bespreek.
- Die ouderling sal die versoek aan die res van die leierskap voorlê.
- Indien die aansoek aanvaar word, sal 'n aangewese ouderling saam met die voornemende lidmaat die volgende dokumente deurwerk:
    - Lidmaatskap Aansoekvorm
    - Gemeente se Konstitusie, wat deur die lidmaat onderteken moet word;
    - Die publikasie "What is a Healthy Church Member?";
    - "So Glo Ons" – Geloofsbelydenis.
- Hierna neem die ouderlinge die besluit of hulle die aansoek aan die gemeente gaan aanbeveel of nie.
- Indien geen probleem met die aansoek uitgewys word nie, word die voornemende lidmaat ingelig wanneer die volgende lidmaatskap-voorleggings aan die gemeente sal wees. Daarna word die persoon bevestig as 'n nuwe lidmaat.

5.1.4 Kerkdissipline

a) Pretoria Christen Gemeente onderwerp homself aan God se instruksie ten opsigte van kerkdissipline volgens Mattheus 18:15-18; Galasiërs 6:1; Titus 3:10; 1 Korintiërs 5:11-13; 1 Timoteus 5:19-20
    i) Sien punt 5.1.6 rakende nie-lidmate en kerkdissipline
b) Definisie –
    i) Stapsgewyse interaksie met gemeentelid soos uiteengesit in die Skrifgedeeltes onder 5.1.4 a).
c) Kerkdissipline is primêr Godgerig en nie mensgerig nie.
d) Doel van kerkdissipline in die gemeente
    i) Ons bring eer aan God deur ***reinheid*** in die gemeente te behou
    ii) Ons bou gelowiges geestelik op deur mense weg te keer van sonde af
    iii) Ons moedig die geestelike welsyn van die oortredende gelowige aan deur hom terug te roep tot 'n Bybelse standaard van doktrine en optrede
e) Soos die lering van Titus 3:10 moet die ouderlinge die vryheid behou om soms vinniger te kan optree as die klassieke Mattheus 18:15-17 struktuur.

5.1.5 Beëindiging van lidmaatskap

Die volgende omstandighede word gereken as gronde vir die beëindiging van lidmaatskap:

- Dood,
- Afhandeling van stap 4 van die dissiplinêre struktuur soos uiteengesit in **Matt 18:15-17,**
- Integrasie met 'n ander "soortgelyke" bybelgerigte gemeente.
- Verhuising en na aanleiding daarvan omstandighede waar 'n lidmaat nie meer hulle verantwoordelikhede m.b.t. die gemeente kan nakom nie.
    - Sulke verantwoordelikhede behels gereelde erediens-bywoning en onderlinge interaksie met ander gemeentelede.
    - Hierdie proses sal in samewerking met die ouderlinge bestuur word, wie dan ook die betrokkenes kan help om 'n nuwe gemeentelike tuiste te vind.
- Indien 'n persoon nie meer by die gemeente betrokke wil wees nie, nie meer eredienste bywoon nie, en nadat 'n ouderling met die persoon interaksie gehad het rakende die begeerte om te bedank.
- Die ouderlinge moet seker maak dat die bedanking nie tydens die verloop van 'n **Matt 18:15-17** prosedure is nie.
    - Indien ter sprake, moet die **Matt 18:15-17** prosedure afgehandel wees voor die bedanking oorweeg kan word.

- Indien die persoon in die dissipline proses soos uiteengesit in 5.1.4 wel die gemeente verlaat tydens die proses, moet die ouderlinge moeite doen om te bepaal of hy/sy 'n ander gemeente bywoon, en dan die leierskap van sodanige gemeente inlig rakende die onafgehandelde dissiplinêre proses.

5.1.6 Nie-Lidmaat maar met konsekwente gemeente-betrokkenheid

- Indien 'n persoon nie 'n lidmaat is of wil word nie, maar gereeld eredienste bywoon en/of ander gemeente aktiwiteite, is so 'n persoon onderhewig aan gesag van die leierskap asook tug en vermaning indien nodig.

5.2 Regering van die gemeente.

Die plaaslike gemeente staan onder leierskap van die raad van ouderlinge (onderherders) met Jesus Christus as Opperherder.

5.2.1 Opperherder

• Jesus Christus het tydens Sy omwandeling op aarde self Sy hoofskap van die gemeente geproklameer:

- *"… op hierdie rots sal Ek my gemeente bou .."* (**Matt 16:18**)
- *"Ek is die goeie Herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, …. Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder."* (**Joh 10:14 – 16**) **en**
- *"Hy is die hoof van die liggaam, van die gemeente. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem."* (**Kol 1:18**)

• In **Openbaring 1 – 3** bevestig Jesus by hernuwing Sy hoofskap oor die Gemeente wanneer Hy tussen die *"sewe goue staanlampe"* beweeg (*Openb 1:12 – 13*) en opdrag gee dat 'n brief aan elkeen van die *"sewe gemeentes"* (*lampe*) geskryf word (**Openb 1:20**)

• Elkeen van die sewe briewe het 'n spesifieke boodskap op gesag van Christus self: *"So sê Hy…."* (**Openb 2:1**, **8**, **12**, **18**, **3:1**, **7**, **14**) en die gesag word telkens bevestig met *"... luister na wat die Gees vir die gemeentes sê."* (**Openb 2:7**, **11**, **17**, **29**)

• Jesus Christus is dus die "Opperherder" van Sy gemeente – "*En dan, wanneer die Opperherder kom, sal julle die heerlikheid as onverganklike kroon ontvang*." (**1 Pet 5:4**)

5.2.2 Die amp van ouderling (onderherders)

• Def: 'Betaalde Ouderling' verwys na die pastoor van die gemeente. Sien 1 Tim 5:17-18.

• *"In elke gemeente het hulle ouderlinge gekies"* (**Hand 14:23a**)

• Die kern van die opdrag aan 'n ouderling is: *"Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun."* (**Hand 20:28**)

• *"Julle voorgangers hou wag oor julle lewe en moet aan God rekenskap gee"* (**Heb 13:17**)

• Dit is daarom duidelik dat die 'onderherders' onder gesag van die 'Opperherder' staan.

5.2.2.1 Kwalifikasiies van ouderlinge

Die algemene kwalifikasies vir 'n manlike lidmaat om ouderling te wees, word in die volgende Skrifgedeeltes hanteer:

• **1 Tim 2:11-14** – Bevestiging dat die rol beperk word tot mans.

- **1 Tim 3:1**: Opmerking dat ‘n Individu die begeerte moet openbaar dat hy as ouderling sal wil dien.
- **1 Tim 3:1-7***: “Dit is ’n waar woord: As iemand graag ouderling wil wees, begeer hy ’n voortreflike werk. ’n Ouderling moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry en bekwaam om te onderrig; … nie aan drank verslaaf of ’n rusiemaker nie, … inskiklik, vredeliewend en nie geldgierig nie. …. sy eie huisgesin … beheer … op waardige wyse gesag oor sy kinders ….uitoefen. … nie onlangs tot geloof gekom het nie, … buite die gemeente … as ’n goeie man bekend staan … “*
- **Tit 1:5-9***: “… onberispelik …, aan sy vrou getrou … sy kinders moet gelowig wees, … nie aanmatigend en opvlieënd nie, nie ’n dronkaard of ’n rusiemaker of soeker na oneerlike wins nie, … gasvry, … lief vir wat goed is, verstandig, regverdig, vroom en selfbeheersd. Hy moet vashou aan die betroubare Woord waarin hy onderrig is, dan sal hy in staat wees om ander met die gesonde leer aan te moedig en die argumente van teenstanders te weerlê.”*

5.2.2.2 Aanwysing van ouderlinge

In die aanwys van ’n ouderling sal die volgende werkswyse gevolg word:

- Indien die huidige ouderling[e] bepaal dat nog ‘n ouderling benodig word, sal ‘n geskikte kandidaat aan ‘n ondersoek proses onderwerp word. Hierdie proses sal insluit ‘n bepaling van die persoon se geskiktheid gegrond op **1 Tim 3:1-7**, **Titus 1:6-9**, en in die gees van **1 Pet 5:1-4.**
- Die ouderlinge kan ‘n persoon aan die gemeente voorhou as aspirant-ouderling sodat die gemeente ook kan ondersoek of die persoon aan die bybelse vereistes voldoen.
- **D**ie aanwys van ’n ouderling is nie vir ‘n vaste periode nie. Die amp kan beëindig word indien die persoon
  - Nie meer begeer om ‘n ouderling te wees nie,
  - Verhuis,
  - Afsterwe,
  - Gediskwalifiseer word gegewe die vereistes van **1 Tim 3:1-7** en **Titus 1:6-9**.
  - Gediskwalifiseer word na aanleiding van die afloop van ‘n dissiplinêre proses soos uiteengesit in **Matt 18:15-17**.

  Hierdie bogenoemde beklemtoon die belangrikheid en erns waarmee die gemeente die aanwys en amp van ’n ouderling moet bejeën.
- Nadat die ouderlinge die Bybelse riglyne oorweeg het en ’n moontlike kandidaat biddend gemeet het aan hierdie riglyne, sal hulle die naam aan die gemeente voorlê vir evaluering. Daar moet ‘n tydperk van 2 weke toegelaat word vir die gemeente om skriftelik aan die raad van ouderlinge aan te dui of daar enige Bybelse rede is waarom die kandidaat nie geskik sou wees vir die amp van ouderling nie.
- Indien ‘n aanklag teen die persoon ingedien word, moet die omstandighede en feite ondersoek word.
  - As gevind word dat die inligting korrek is en dat die inligting hom diskwalifiseer om as ouderling te dien, moet ‘n onderhoud met hom gevoer word, waarna sy aansoek onttrek moet word.
  - Indien die inligting nie korrek is nie of nie van so ‘n aard is dat dit die persoon se kwalifikasie as ouderling benadeel nie, moet die persoon wat die klagte ingedien het in ‘n onderhoud met die ouderlinge sy posisie verduidelik en bereid wees om die aanklag terug te trek.
- Indien geskik bevind, word die ouderling amptelik voor die gemeente ingestel as ouderling.

5.2.2.3 Verantwoordelikhede

- Hy moet onberispelik kan leiding gee, **Tit 1:7** "*Daarom moet hy onberispelik van gedrag wees.*"
- Hy moet doktrinale beskerming aan die gemeente kan bied, **Titus 1:9** "*Hy moet vashou aan die betroubare woord waarin hy onderrig is. Dan sal hy in staat wees om ander met die gesonde leer aan te moedig en die argumente van teenstanders te weerlê.*"
- Hy moet goeie leiding kan gee en die Woord kan gebruik tydens onderrig, **1 Tim 5:17**, "*"…die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral die wat hard werk deur te preek en onderrig te gee*"
- Hy moet geestelike versorging kan bied: **Heb 13:17**, *"hulle waak vir julle siele."*
- Voorbeeld in leer en lewe: *"… deur 'n voorbeeld vir die kudde te wees" (***1 Pet 5:3b***)*

Die praktiese verdeling en toedeling van spesifieke verantwoordelikhede en take onder ouderlinge word gereël soos benodig en volgens elkeen se gawes, en sal noodwendig van tyd tot tyd aangepas word.

- Ter Opsomming:
  - Die ouderlinge moet betrokke wees by die Bybelse lering/onderrig van die gemeente.
  - Hulle moet leierskap en oorsig aanbied, die doktriene van die gemeente beskerm, as 'n voorbeeld van goddelike lewenswyse dien, en die gemeente lei met nederigheid en getrouheid (**1 Pet 5:3**).

5.2.2.4 Betaalde ouderling

- Wanneer 'n betaalde ouderling vir die gemeente beroep word, sal dieselfde reëls geld en sal die proses begin word om daardie persoon as ouderling in te stel. Hy moet ook 'n lid van die gemeente word (indien hy van buite die gemeente is – lg. geld ook vir sy eggenote).
- 'n Behoorlike en wettige werkskontrak moet met 'n betaalde ouderling aangegaan word.

5.2.2.5 Besluitnemings proses

- Die oorsig en toesig van die gemeente is die ouderlinge se verantwoordelikheid.
- Onder die outoriteit en leiding van God en Sy Woord berus die finale outoriteit en verantwoordelikheid in alle sake rakende doktriene, lewe en diens van die gemeente by die ouderlinge.

5.2.3 Diakens

- Die ouderlinge sal bepaal wat die behoefte is om 'n diaken aan te stel om vir 'n tydperk 'n bepaalde rol te vervul.

5.2.3.1 Kwalifikasie van diakens

Diakens moet kwalifiseer volgens die beginsels soos uiteengesit in **1 Tim 1:8-13**.

5.2.3.2 Aanwysing van diakens

Die prosedure om 'n diaken aan te stel is dieselfde as wat gevolg word met 'n ouderling:

5.2.3.3 Verantwoordelikhede van diakens

- Die verantwoordelikhede van diakens is in beginsel:

(1) *"Om die versorging te kan behartig"* van die gemeente (*Hand 6:2*),
(2) Om die ouderlinge van die praktiese sake van gemeentebestuur vry te stel, sodat ouderlinge hulle spesifieke opdragte kan uitvoer
(3) Om dag tot dag take uit te voer in die diens en administrasie van die gemeente.

Die praktiese verdeling van take en toedeling van spesifieke verantwoordelikhede aan diakens is die verantwoordelikheid van die ouderlinge.

5.3 Bedieninge

- *Ordonansies*

a) Die Doop

- Sien **5.1.2** – Kwalifikasies en vereistes vir lidmaatskap.
- Sien die gemeente se verkondiging rakende die ordonansie van die doop in die geloofsbelydenis – 4. DIE KERK.
- Enige individu wat die behoefte uitspreek om gedoop te word, se geloofsverklaring, meelewing, en betrokkenheid in die gemeente sal deur 'n aangewese ouderling geevalueer word waarna die ouderling sy aanbeveling rakende die individu se aansoek op 'n ouderlings vergadering sal laat notuleer.
- Die gebruik binne die gemeente is om goedgekeurde aansoekers per geleentheid te doop deur onderdompeling.
- Die ouderlinge sal van tyd tot tyd bepaal en aankondig wanneer daar 'n doopgeleentheid is vir mense wat voldoen aan beginsels soos hierbo uiteengesit.
- **Matt. 28:19b***: "… doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, …"*
- **Hand. 2:38***: Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang."*
- **Hand. 2:41***: "Die wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg"*.

b) Die Nagmaal

- Sien die gemeente se verkondiging rakende die ordonansie van die nagmaal in die geloofsbelydenis – 4. DIE KERK.
- Die roetine vir die vier van die nagmaal sal deur die ouderlinge bepaal word.
- **1 Kor. 11: 23b – 26***: "Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam, dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis. "Net so ook het Hy na die maaltyd die beker geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom."*

- *Aanbidding en voorbidding*
  - Die ouderlinge sal bepaal wanneer en hoe gereeld daar geleentheid vir voorbidding binne die gemeente sal wees.
  - **Fil 4:6: "***Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God*."
  - **1 Tess 5:17**: "*Bid sonder ophou*."

- *Lering en opvoeding*
  - Prediking word gedoen deur 'n ouderlinge of iemand goedgekeur deur die ouderlinge.

- Die ouderlinge bepaal wanneer van ‘n goedgekeurde gasspreker gebruik gemaak word.
- **2 Tim 3:16**: “*Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.*”

- *Evangelisasie, Sending en Barmhartigheidsdiens*
  - Sien die gemeente se sendingsdokument vir uiteensetting van die lering en aksies rakende sending.
  - **Matt. 28:18-20**: *“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”*
  - **Matt. 5:16**: *“ … Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.”*
  - **Gal 6:2**: *“Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.”*
  - **Gal 5:13**: “*Dien mekaar deur die liefde*.”

- *Gemeente Betrokkenheid*
  - Die gemeente moedig gereelde bywoning van eredienste, bybelstudies, en ander gemeentelike aksies aan.
  - **Efes 4:2-3**: “*Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, [2] met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra [3] en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede. [4] Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping;*”
  - **Heb 10:25**: “*en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.”*

- *Huwelike*
  - ‘n Huweliksbeampte aan die gemeente verbonde, wat ‘n huwelik voltrek, mag dit net in die naam van die gemeente doen indien dit ‘n huwelik tussen een man, gebore as ‘n man, en een vrou, gebore as ‘n vrou, is.
  - Gemeentelike eiendom of ondersteuning sal net beskikbaar gemaak word wanneer beide partye in die huwelik lidmate is wat ‘n goeie naam/gerespekteerde posisie in die gemeente handhaaf.
  - Gemeentelike eiendom of ondersteuning is nie beskikbaar vir die algemene publiek nie.
  - Die gemeente sal poog om voortdurend vir paartjies binne die gemeente ‘n huweliks kursus aan te bied.

6. ALGEMENE BESTUUR

6.1 Finansies

- Die daaglikse finansiele transaksies sal maandeliks intern opgeteken word waarna bestuursstate vir die maand beskikbaar sal wees. Die ouderlinge sal van tyd tot tyd bepaal wie verantwoordelik sal wees vir die rekonsiliasie, dokumentasie en opstel van die maandstate.

Regstegnies: Moet minstens die volgende dek:

- Rekenkundige grondslag (AARP - Algemeen Aanvaarde Rekenkundige Praktyke) – Boekhouding sal volgens AARP geskied en moet jaarliks deur 'n eksterne rekenkundige persoon nagegaan word. Die ouderlinge sal die persoon aanwys, wie dan direk verslag sal lewer aan die persoon toegewys om oorsig oor die gemeentefinansies te hê. Hierdie persoon sal aan die ouderlinge verslag doen. Tydens Gemeentevergaderings sal 'n oorsig oor die finansies aan die lidmate gelewer word. Regstatus : Pretoria Christen Gemeente is 'n regspersoon. Die bankrekening van die maatskappy is Pretoria Christen Gemeente
  FNB – Menlyn Maine
  Tak kode: 252445
  Rekening: 62804185206
- Tekenmagte: Alle tjeks en ander amptelike- en regsdokumente moet deur al die ouderlinge eenparig goedgekeur word voor enige aksie geneem word. Volmag word gegee aan 'n verantwoordelike persoon soos besluit en genotuleer in 'n ouderlinge vergadering.

6.2 Vergaderings

- Spesiale Gemeentevergaderings: Mag van tyd tot tyd deur ouderlinge aangevra word.
- Leierskapvergaderings (Ouderlinge/diakens): Gereelde vergaderings gehou waartydens besluite eenparing geneem word. Besluite berus op eenparigheid (en nie blote meerderheid nie). Alle vergaderings moet volledig genotuleer word.

6.3 Voorsitter van Vergaderings

- 'n Betaalde Ouderling sal as voorsitter van Gemeente- en Leierskapvergaderings optree (uitsonderings kan wel gemaak word indien omstandighede dit vereis of as die betaalde Ouderling dit verkies).

6.4 Wysigings aan die Konstitusie & Handleidings

- **Konstitusie:** Wanneer nodig kan die leierskapvergadering veranderinge aan die konstitusie aanbring. Besluite berus op eenparigheid (en nie blote meerderheid nie).

6.5 Ontbinding van Gemeente

- Kan net plaasvind met 'n twee derde meerderheidstem van die volledige getal ouderlinge. Daar moet 3 weke se kennis van die vergadering gegee word.
- Indien die gemeente ontbinding ondersoek, moet alle bates en/of eiendom se billike waarde bepaal word deur die ouderlinge, en dit dan verkoop word teen hierdie waarde, aan wie hulle ookal besluit om dit te verkoop. Die ouderlinge moet dan besluit of die opbrengs hieruit in die gemeente se bankrekening gesit word, en of dit gebruik word om die betaalde ouderling en sy gesin te onderhou solank nodig of moontlik.

…….....……..…… ……..……
Ouderling nms. Gemeentevergadering Ouderling nms. Gemeentevergadering

……..... 20....
DATUM

N.s.: BYKOMENDE BYLAES EN DOKUMENTE:

~ “What is a Healthy Church Member “ ;
~ “So Glo Ons” (Geloofsbeleidenis)